

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## Parashah 25: Tzav (צַוָּה): Gee Opdrag

*יהוה* het met Moshe gepraat en gesê: “Beveel Aharon en sy seuns en sê: ‘Dit is die wet van die brandoffer: die brandoffer moet die hele nag lank tot die oggend toe op sy vuurherd, op die altaar, bly en die altaarvuur moet aan die brand gehou word.

Lev. 6:8 en 9 – PWL<sup>1</sup>

**Torah: Lev. 6:8 tot 8:36** (Afrikaanse Ou Vertaling<sup>2</sup>)

- ❖ Inleiding: Torah-gehoorsaamheid
- ❖ **Lev 6:1 en 2** – Liefde: die Vervulling van die Wet
- ❖ Verandering van die Wet
- ❖ **Lev. 6:14** – Die Vuur van die Brandofferaltaar
- ❖ **Lev. 7:22 tot 27** – Verbod op die eet van vet en bloed

**Haftorah: Jer. 7:21 tot 8:3 en Jer. 9:22 en 23** – Offer met ‘n Besnyde Hart

**Hernieuwe Verbond:** Mark 7:31 tot 8:38; Rom. 12:1 tot 2; Heb. 4:14 tot 5:10; 7:1 tot 28; 8:1 tot 6; 9:1 tot 28; 10:1 tot 39; 13:10 tot 14; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; 1 Peter 1:14 tot 16; Ef. 6:10 tot 18.

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

<sup>2</sup> In sommige vertalings begin die Torahskriflesing by Lev. 6:1

*Live as if you were living a second time, and as though you had acted wrongly the first time –*  
Viktor Frankl

*I can't change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination –*  
Jimmy Dean

*Ah! How foolish we are! How we repeat the folly of our first parent [Adam] every day when we seek to hide sin from conscience, and then think it is hidden from God –* Charles Spurgeon

*When we say that there's only one way of salvation, people say 'You're very narrow minded.'*  
*But the truth is always narrow minded. 2 + 2 = 4; it's not 3.9, it's not 4.1 –* Zac Poonen

## **Midrash (Torah Bespreking)**

### **Inleiding: Torah-gehoorsaamheid**

In verlede week se parashah (*Vayikra*) het ons genoem dat Jode (Judaïsme) hulle kinders se onderrig in Torah op 5 jaar begin en dat hulle dan begin met onderrig in *Vayikra* (Levitikus). Wanneer 'n seun dan die ouderdom van 13 bereik, en 'n dogter die ouderdom van 12, vier die seun sy *Bar Mitzvah* en die dogter haar *Bat Mitzvah*. By hierdie geleentheid word bevestig dat 'n kind die ouderdom bereik het waar hy/sy persoonlik die verantwoordelikheid neem om volgens Torah te lewe. Die letterlike betekenis van *Bar Mitzvah* is: *Seun (bar) van die opdrag en Bat Mitzvah: dogter (bat) van die opdrag*.

Die woord *mitzvah* (meervoud *mitzvot*) is afgelei van die woord *tzav* (*tsavah*) en beteken *opdragte* en is die riglyne vir 'n Torah-gehoorsame lewenstyl. *Mitzvot* bevat ook die gedagte van goeie dade, waarna Yeshua ook verwys het in Matt. 5:19.

*Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel (PWL).*

Volgens Judaïsme is daar altesaam 613 opdragte (*mitzvot*) wat gesamentlik as YHVH se Torah (onderrig en instruksies) bekend staan. Van hierdie 613 is 248 positiewe opdragte, naamlik dinge wat gedoen moet word, soos: *eer jou vader en moeder*, en 365 is negatiewe opdragte, naamlik dinge wat nie gedoen moet word nie, soos: *Jy mag nie steel nie*. Sommige opdragte bevat baie detail en laat geen twyfel oor hoe om die opdragte uit te voer nie. Ander opdragte bevat slegs riglyne waarvolgens gehandel moet word.

Die Hebreeus vir die numeriese waarde van 613 is *Taryag* en word gespel *tav* (400), *reish* (200), *yod* (10), *gimmel* (3) en dus  $400+200+10+3=613$ . 'n Lys van die 613 *mitzvot* is beskikbaar by <http://www.jewfaq.org/613.htm>. Hierdie 613 *mitzvot* is almal in Torah te vinde.

Die Hebreeuse woord *Halacha* (*Halakhah*) word dikwels in Judaïsme gebruik en beteken letterlik: *die pad wat 'n individu wandel*, naamlik verwysend na 'n leefwyse van Torah-

gehoorsaamheid wat aangevul en ondersteun word deur Rabbynse wette en Joodse gebruike soos in Talmud uiteengesit word. Dikwels word na die *halacha* verwys as “Joodse wette”.

Elk van die 613 opdragte is nie op elke individu van toepassing nie. Sommige was slegs aan die Leviete gegee, ander weer aan vrouens en ander aan mans. Daar was ook opdragte wat slegs betrekking gehad het op diegene wat in Israel woon.

Dit is belangrik om te verstaan dat Torah-gehoorsaamheid en liefde hand-aan-hand loop:

*Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My. As julle my gebooi bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooi van my Vader bewaar en in sy liefde bly. Joh. 15:9 en 10*

Soos ons in die vorige parashah geleer het, was die oorhoofse doel van die offerandes om die individu se status van onrein na rein te verander. Die individu wat geoffer het, was reeds ‘n gelowige (‘n bekeerling), maar sonde, naamlik die oortreding van Torah, het die verhouding met YHVH versteur en daarom was herstel (vergifnis) nodig. Die offerandes was die wyse van herstel (vergifnis en versoening) en die wyse hoe om weer nader (terug) te beweeg tot YHVH. Die offerandes is op die brandofferaltaar in die binnehof geoffer, maar die bedoeling was om die gelowige tot in die teenwoordigheid van YHVH te bring. Hierdie week se parashah *Tzav* is ‘n voortsetting van hierdie onderrig en instruksies.

### **Bepeins of Bespreek.**

1. Na wedergeboorte moet ons ook as te ware ‘n *Bar Mitzvah* en *Bat Mitzvah* ondergaan, naamlik om persoonlik die verantwoordelikheid te aanvaar om volgens Torah te lewe. Geloof in Yeshua tot redding en bekering (terugdraai na Torah) gaan hand-aan-hand. Is dit wat die Christendom gelowiges leer?

### **Lev 6:1 en 2 – Liefde: die Vervulling van die Wet**

*Verder het YHVH met Moses gespreek en gesê: As iemand sondig en ontrou handel teen YHVH deurdat hy teenoor sy naaste..... Lev. 6:1 en 2 (Afrikaanse Ou Vertaling).*

Verlede week se parashah het geëindig met die feit dat ‘n oortreding teenoor ons naaste ‘n oortreding teenoor YHVH is. Daarom lees ons in Rom. 13:8 tot 10 wat Paulus in die verband geskryf het:

*Moenie iemand enige iets skuld nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat ‘n ander liefhet, het die wet volledig gemaak. Want dít: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie en watter ander opdrag ook al, word in hierdie boodskap volledig gemaak: ‘Jy moet jou medemens liefhê soos jouself.’ Liefde doen nie kwaad aan sy medemens nie, want liefde is die vervolmaking van die geskrewe wet. (PWL)*

Volgens bogenoemde teksverse is naasteliefde die vervulling (vervolmaking) van die wet, want hy wat sy naaste liefhet soos homself, sal nie aan sy naaste enige iets doen wat deur Torah (die wet) verbied word nie. Om jou naaste lief te hê met die liefde soos in Torah uiteengesit word, is

die vervolmaking van YHVH se Torah (wet). Die tien pilare waarop liefde vir YHVH en naasteliefde staan, is dus die tien gebooie.

Ons weet dat om YHVH bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself, is nie ‘n nuwe gebod nie, want YHVH het reeds via Moses hierdie opdrag gegee. (Deut. 6:5; Lev. 19:18). Tog lees ons in Joh. 13:34 en 35 dat Yeshua gesê het dat Hy ons ‘n *nuwe gebod* gee,

*‘n Nuwe opdrag gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; net soos Ek julle liefgehad het, so moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolginge is, as julle liefde vir mekaar het.’* (PWL)

Soos reeds genoem weet ons dat volgens Deut. 6:5 en Lev. 19:18 is hierdie nie ‘n “nuwe gebod” soos een wat nog nooit voorheen bestaan het nie. Nee, dit was van die begin af daar. Hierdie feit word in 1 Joh. 2:7 en 8 bevestig waar Johannes ook oor die liefde praat en skryf dat dit geen nuwe gebod is nie, maar voeg dan by dat dit wel tog ook nuut is.

*Julle vir wie ons lief is, dit is geen nuwe opdrag wat ek aan julle skryf nie, maar ‘n ou opdrag, wat julle van die begin af gehad het. Die ou opdrag is die boodskap wat julle gehoor het en tog skryf ek aan julle ‘n nuwe opdrag, wat waar is in Hom en in julle, dat die duisternis verby is en die waaragtige Lig begin skyn.* (PWL Vertaling)

‘n Skynbare teenstrydigheid? Nee!! Naasteliefde is ‘n gebod wat van die begin af daar was (1 Joh. 3:11), maar dit het nou ‘n nuwe betekenis gekry – dit het nuut geword.

Liefde is so oud soos die skepping self, maar in Yeshua Messias het dit ‘n nuwe lewe en varsheid verkry – as te ware ‘n herskepping (‘n ‘wedergeboorte’) wat dit ondergaan het om ewig nuut (jonk) te wees. Hierdie is dan ook die betekenis van ‘n **nuwe** verbond (Heb. 8:8 en Jer. 31:31 en 32). Dit is die vernuwning (hernuwning) van dit wat reeds bestaan. In Yeshua word die verbond en die gebod van liefde weer nuut gemaak en kry dit nuwe betekenis en toepassing. Dit is in die lig van hierdie “nuutheid” wat die betekenis te vinde is van: *liefde is die vervulling van die wet.*

Die uitvoering van al die opdragte ten opsigte van die offerandes is nutteloos indien naasteliefde ontbreek! Onder die hernieuwe verbond is al ons offers wat ons vader-God bring ook nutteloos indien daar geen ware liefde vir medemens bestaan nie!

### **Bepeins of Bespreek:**

1. Lees 1 Joh. 2:9. Die Griekse woord vir *haat* beteken ook *om minder lief te hê*. Hierdie teksvers kan dus ook lees: *hy wat sê dat hy in die Lig is en sy naaste minder liefhet (as homself), is in die duisternis tot nou toe*. In die lig hiervan is die vraag: *Wie kan eerlik sê dat hy sy naaste liefhet soos homself?* Is ons grootste en gereeldste oortreding teenoor ons naaste nie met ons mond nie? Die sonde van kwaadspraak sal in latere *parashot* meer volledig bespreek word.

*You cannot tell the truth about people you don't like, and therefore the first duty you owe them is silence – Chadwick*

## Verandering van die Wet

Die doel en toepassing van die offerandes onder die hernieude verbond word wyd gedebateer. 'n Algemene siening is dat alle offerandes van die ou verbond vir ewig opgehef is omrede Yeshua die eenmalige offerande was. Is hierdie siening egter korrek? Hierdie vraag is geregverdig in die lig daarvan dat die tempel wat in Esegïel beskryf word nog nooit gebou is nie en dus profeties na die toekoms verwys. Indien hierdie tempel gebou word, is die vraag of daar weer offers gebring gaan word? Die vraag is of ons gehoorsaam gaan wees aan Vader-God indien Hy weer offers van ons vra?

Hiermee saam is die vraag wat ons rol gaan wees as koninklike priesterdom? Die Skrifte verklaar dat ons as wedergebore kinders van YHWH 'n koninklike priesterdom en 'n afgesonderde volk is (1 Pet. 2:9 met verwysing na Ex. 19:6). Volgens Torah weet ons dat die priesters uit die stam van Levi gekom het. Beteken dit dat ons dan nou Leviete geword het? Nee, want met die folterdood en opstanding van Yeshua het daar 'n verandering in die wet (Torah) gekom.

*Daarom, as daar dan volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, want met die oog daarop het die mense die geskrewe wet ontvang, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees? Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls, want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie, want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie. Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan. Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie, want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek," want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie, want die geskrewe wet het niks tot die doel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit. Heb. 7:11 tot 19 – PWL.*

Eerstens is dit belangrik om daarop te let dat die verandering in die wet (die Torah) slegs ten opsigte van die priesterorde was. Daar is weggedoen met die priesterskap volgens Aäron en die priesterskap volgens Melgisedek (Malki-Tzedek) het in die plek daarvan gekom. Yeshua is nou die Ewige Hoëpriester volgens die priesterorde van Malgisedek, wat koning en priester is. Soos die priesters onder die ou verbond deur natuurlike geboorte (nasate van Aäron) priesters geword het, so word ons deur wedergeboorte priesters van die hernieude verbond onder die Hoëpriesterskap van Yeshua.

Met die verandering in priesterskap het daar ook 'n verandering in die offerandes gekom, want Yeshua Messias is die Eenmalige offer wat gebring was. Die tipe offers en die wyse wat ons offer het dus ook verander, maar ons moet die doel en betekenis van die offers onder die ou verbond verstaan en toepas om aanvaarbare offers onder die hernieude verbond te bring. As individue en as gemeente is ons nou die tempel!

Let daarop!! Die res van die wet (Torah) het nie verander nie!!

Ons lees in die Skrifte van die hernieude verbond ondermeer van die volgende offers wat ons bring:

- ❖ Rom. 12:1 en 2 – my liggaam.
- ❖ Ef. 5:2 – ‘n liefdesoffer.
- ❖ Fil. 2:17 – ‘n drankoffer.
- ❖ Heb. 13:15 en 16 – ‘n loffer en ‘n offer van weldadigheid en mededeelsaamheid.

Ons kan egter slegs hierdie offers verstaan in die lig van die doel en die betekenis van die verskillende offerandes soos in Levitikus beskryf word.

### Opsomming van die doel en betekenis van die offerandes

Offerande	Doel en Betekenis	Vervul in Yeshua
Brandoffer ( <i>Olah</i> ) <i>Burnt Offering</i> . Lev. 1:1-17; 6:8-13; 8:18-21; 16:24	Vrywillig. Versoening vir onopsetlike sonde van verkeerde handeling (optrede) en onrein gedagtes. Offer van toewyding, oorgawe en onderwerping. Ook die daaglikse (oggend en aand) offer. Die eerste en noodsaaklik stap van nader (opwaarts) beweeg aan YHVH. Kon slegs sonde bedek (Heb. 7:27 en 9:12). Voortdurend gebrand	Yeshua die eenmalige offer: Joh. 1:29 en 36; Ef. 5:2, Heb. 7:27 en 10:11 en 12  Rom. 7:23; Jak. 1:14 en 15.  YHVH ‘n verterende vuur: Deut. 4:24; Jer. 23:29; Heb. 12:29
Spysoffer ( <i>Minchah</i> ) <i>Meal/Grain Offering</i> . Lev. 2:1-16; 6:14-23.	Vrywillig. Nie weens sonde nie, maar dankbaarheid vir YHVH se goedheid en voorsiening. Bereidwilligheid tot gehoorsaamheid en ‘fellowship. Geen suurdeeg of heuning. Fynmeel, olie en sout – geregtigheid, die Afgesonderde Gees en smaak/preservering. [10% verbrand en 90% deur priesters geëet].	Yeshua die koringkorrel wat gesterf het om veel vrug voort te bring. Hy is die Brood wat geoffer was en is die Brood wat lewe gee (Joh. 6:51 en 12:24; 1 Kor. 11:24 en 27). Geregtigheid (Matt. 6:33; Rom. 10:1-3; 2 Kor. 5:21. Olie (Matt. 25:3 en 4; Matt. 3:11). Sout (Matt. 5:13; Mark. 9:49)
Dankoffer / Loffer ( <i>Shlamim/shalam</i> ) <i>Peace Offering</i> . Lev. 3:1 tot 17; 7:11 tot 34.	Vrywillig. Nie weens sonde, maar uit dankbaarheid vir <i>shalom</i> , vriendskap, versoening en onderlinge broederskap ( <i>fellowship</i> ).	Ons wat dood was weens die sonde is nou lewend in Yeshua. Ef. 2:1 tot 14. Vrede (Luk. 1:76-80; Hand. 10:36; Rom. 5:1 en 14:17; Ef. 2:14 en 17) Vriende (Joh. 15:14 en 15). Broederskap (Ps. 133:2; Matt. 5:23 en 24)



Sondoffer ( <i>Chatas</i> ) Sin Offering. Lev. 4:1 tot 5:13; 6:24-30; 8:14-17; 16:3-22.	Verplichtend. Vergifnis en versoening vir onopsetlike sonde weens nalatigheid (dit was per ongeluk), onkunde en slapheid. Ons almal het gesondig. Belydenis is 'n daad van bevryding en herstel.	Yeshua die sondoffer 2 Kor. 5:21; 1 Joh. 1:8 en 9; Hebr.13:10-16; Joh.6:53-58; 1 Kor.11:27-30
Skuldoffer ( <i>Asham</i> ) Trespass / Guilt Offering. Lev. 5:14 tot 6:7; Lev. 7:1-6	Verplichtend. Vergifnis en versoening vir onopsetlike sonde wat restitusie (vergoeding van skade) vereis.	Yeshua was ons skuldbrief. Kol. 2:13 en 14

## Bepeins of Bespreek

### 1. Hoekom het die offerandes gestop? Is dit:

- ❖ Omrede Yeshua die vervulling van die offerandes is? Lees Matt. 5:17 – wat beteken vervul? Vervul beteken nie afgeskaf nie! Ons moet die betekenis van ‘vervul’ konsekwent (logies?) toepas! Yeshua het die profetiese afbeelding (heenwysing, skadubeeld) van die offerandes vervul (bevestig, bekragtig, ‘nuwe’ betekenis gegee). Daarom is die offerandes nie meer ‘n heenwysing van toekomstige gebeure nie, maar nou ‘n herinnering van wat Yeshua gedoen het. Die offerandes was, is en sal vir ewig ‘n hemelse realiteit wees.
- ❖ Omrede die tempel vernietig is? Sal die offerandes dus weer voortgesit word in die tempel soos wat in Esegïel beskryf word?

### 2. Hoekom het Paulus en al die dissipels nog steeds offers in die Tempel gebring tot en met die vernietiging van die Tempel in 70nM (Hand 21:26)? Hoekom het dit nie vir hulle afbreek gedoen aan Yeshua se offer nie? Hoekom gaan daar weer offers wees gedurende die Millenium? (Eseg. 43:18). En die belangrikste van alles, hoekom dra dit alles oënskynlik YHVH se goedkeuring weg?? Kyk ons dalk hierdie feit mis? Yeshua is die Lam van God wat reeds voor die grondlegging van die wêreld geslag was (Open. 13:8).

### 3. Gaan ons almal as priesters toegang tot die Heiligdom van die Esegïel tempel hê? Gaan daar steeds ‘n ‘voorhangsel’ (gordyn) wees wat die Heiligste en Allerheiligste skei?

#### **Lev. 6:9 en 14 – Die Vuur van die Brandofferaltaar**

*Gee bevel aan Aäron en sy seuns en sê: Dit is die wet van die brandoffer: Dit, die brandoffer, moet op sy vuurherd op die altaar die hele nag lank tot die môre toe bly, en die altaarvuur moet daardeur aan die brand gehou word.*

*Vuur moet gedurigdeur op die altaar aan die brand gehou word; dit mag nie doodgaan nie.*  
Lev. 6:9 en 13 (Afrikaanse Ou Vertaling).

Die vuur op die brandofferaltaar moes brandend gehou word. Hierdie vuur is deur YHVH self aan die brand gestee (Lev. 9:24). Dit was die vuur wat die sondeskuld verteer het en die bewys van vergifnis en versoening was. Geen nuwe vuur moes gemaak word nie! Nee, want dit sou vreemde vuur gewees het!

Volgens oorlewering het hierdie vuur van die brandofferaltaar brandend gebly tot en met die Babiloniese gevangenskap.

Die profeet Jesaja verwys na 'n vuur op Sion en 'n oond in Jerusalem.

*Hy sal bly in sy rotsagtige blyplekke en sy prinse sal oorwin word voor die banier, verklaar יהיה, wie se vuur in Tziyon is en wie se vuuroond in Yerushalayim is. Jes. 31:9 (PWL).*

Die brandofferaltaar is 'n sinnebeeld van die kruisiging van Yeshua. Hierdie is die vuur op Sion waarna Jesaja verwys! Dit is 'n heenwysing na die vuur van YHVH wat die sondeskuld uitgedelg het toe die Lam van God aan die folterpaal gesterf het. Hierdie 'vuur' moet ook voortdurend in ons harte brandend gehou word sodat ons altyd herinner sal word aan die genade wat YHVH aan ons bewys het toe Yeshua in ons plek gesterf het.

Dit moet ook dien as 'n herinnering dat YHVH 'n onuitbluslike vuur is wat sonde nie sal duld nie!

*Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand. Matt. 3:12.*

*Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld. Matt. 13:40*

*elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. 1 Kor. 3:13.*

Hierdie vuur is ook die vuur van die Afgesonderde Gees waarmee ons gedoop is (Matt. 3:11) en ons moet nie toelaat dat hierdie vuur geblus word nie (1 Thess. 5:19), maar ons moet dit voortdurend aanwakker (2 Tim. 1:6)!

## **Bepeins of Bespreek**

1. Dit was die priesters se taak om die brandofferaltaar te versorg, naamlik seker te maak dat die vuur altyd brandend bly en dat die as verwyder word. In Israel van ouds het 'n huishouding altyd 'n vuur brandend gehou, al was dit by wyse van smeulende kole. Hierdie vuur was 'n baie belangrike kommoditeit in alle huishoudings! Is hier 'n ooreenkoms? Is dit nie die taak van die priester van die hedendaagse huishouding om YHVH se vuur brandend te hou nie? Is die eggenoot en vader dan nie die priester wat aanngestel is oor sy huishouding nie? Moet hy dan nie YHVH se vuur versorg nie – beide die genade en die oordeel, asook die genadegawes?

### **Lev. 7:22 tot 27 – Verbod op die eet van vet en bloed**

*יהיה het met Moshe gepraat en gesê: Praat met die seuns van Yisra'el en sê: 'Jy mag géén vet van 'n bees of 'n skaap of 'n bok eet nie. Die vet van diere wat natuurlik dood is en die vet van diere wat verskeur is, kan vir enige werk gebruik word, maar jy mag niks daarvan eet nie,*



*want elkeen wat die vet eet van dié vee wat tot יִהְיֶה met vuur geoffer word, die persoon wat dit eet, moet van sy volksgenote afgesny word. Julle mag ook géén bloed van voëls of van vee in enige een van julle blyplekke eet nie. Enige persoon wat enige bloed eet, dié moet van sy volksgenote afgesny word. Lev. 7:22 tot 27 – PWL.*

### **Verbod op die eet van vet**

Die eerste vraag wat gevra moet word, is of Torah na alle vet van rein diere verwys en dus na alle sigbare vet wat maklik verwyder kan word? Dit moet onthou word dat vet ook deel van die weefsel uitmaak (sogenaamde ‘verskuilde’ vet) en dat hierdie vet dus nie maklik verwyderbaar is nie. Tweedens moet gevra word wat die Vader se doel is met hierdie opdrag?

Daar bestaan meningsverskil oor die verklaring en toepassing van hierdie opdrag. Volgens Judaïsme verwys Lev. 7:22 tot 25, asook Lev. 3:17, na die vet om die noodsaaklike lewensorgane soos die niere, hart en lewer en wat dus nie geëet mag word nie. Daar bestaan wetenskaplike bewys dat die samestelling van hierdie vet (Hebreeus: *chelev*) verskil van die ander liggaamsvette wat om die spiere en onder die vel van diere aanwesig is. Hiermee saam moet ons onthou dat daar oorweldigende bewys is dat die oormatige eet van diervet ‘n groot gesondheidsrisiko is, veral ten opsigte van hartvatsiektes.

Dit bring ons by die vraag: *Het Vader-God die verbod op die eet van vet terwille van die welsyn van die mens gegee?* Die sinvolle antwoord is ‘Ja’, want al die Vader se voedselvoorskrifte is terwille van die welsyn van die mens gegee. Maar laat ons ook nie die geestelike aspek van die verbod op die eet van vet vergeet nie, want as ons die Vader liefhet, sal ons Sy opdragte gehoorsaam (Joh. 14:21 en 23).

### **Verbod op die eet van bloed**

Torah stel dit baie duidelik dat bloed nie geëet (gedrink) mag word nie, asook dat geen dier wat verwurg is, naamlik wat nie uitgebloei is nie, geëet mag word nie, (Lev. 7:26 en 27; Lev. 17:13 en 14; Deut. 12:23). Daarom is enige dier, insluitende die wat rein is en geëet mag word, maar wat nie op ‘n wyse geslag word om uit te bloei nie, onrein en dus nie geskik as voedsel vir die mens nie.

Die rede vir die verbod op die eet van bloed is vanweë die feit dat die siel van die vlees in die bloed is (Lev. 17:11 en 14). Sonder bloed kan geen mens of dier lewe nie.

Die verbod op die eet (drink) van bloed word in die hernieude verbond herhaal en word dus bevestig toe Petrus aan die Raad van Jerusalem gesê het:

*Daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot YHVH bekeer, nie moet bemoeilik nie, maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed. Hand. 15:19 en 20*

Die Christendom gebruik egter die Raad van Jerusalem se besluit soos in Handeling 15 opgeteken is as bewys dat YHVH se voedselvoorskrifte opgehef is. Hiervolgens word geglo dat nie-Jode (heidene) wat tot geloof in Yeshua Messias gekom het nie nodig het om onderskeid te

maak tussen rein en onrein voedsel nie. Is dit egter die korrekte verklaring van hierdie Skrifgedeelte? Word daar in hierdie twee verse na rein en onrein voedsel verwys?

Die vraag wat eerstens beantwoord moet word, is aangaande dit wat in Handeling 15 bespreek word? Hierdie antwoord vind ons in verse 1, 5 en 6, naamlik:

*En sekere persone wat van Judéa afgekom het, het die broeders geleer: As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie (vers 1).*

*Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en bevel ontvang om die wet van Moses te onderhou. En die apostels en die ouderlinge het vergader om hierdie saak te ondersoek (verse 5 en 6).*

Hiervolgens is dit duidelik dat sommige Joodse gelowiges geglo het, en dit ook verkondig het, dat nie-Jode (heidene) hulle eers tot Judaïsme moet bekeer deur besny te word en om die wet te onderhou alvorens hulle gered kon word. Die vraagstuk is dus of besnydenis en die wetsonderhouding vir redding noodsaaklik is. Hierdie vraagstuk het die raad van apostels en ouderlinge aangespreek.

Petrus het die antwoord hierop gegee deur die apostels en ouderlinge daaraan te herinner dat hy deur YHWH gekies is om die evangelie aan die heidene te verkondig en dat daar diegene was wat tot geloof gekom het en as bewys ook die Afgesonderde Gees, net soos die Joodse gelowiges, ontvang het (Hand. 15:7 tot 9). Hierdeur bevestig Petrus **dat redding alleenlik deur geloof** is en dat YHWH geen onderskeid maak tussen Jood (besnydes) en nie-Jood (onbesnydes) nie. Barnabas en Paulus het die woorde van Petrus bevestig toe hulle aan die vergadering vertel het van die tekens en wonders wat ook onder die nie-Jode plaasgevind het en dat dit alles 'n bevestiging is van die woorde van die profeet Amos toe hy gesê het:

*In dié dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd; sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek YHWH wat dit doen. Amos 9:11 en 12.*

Die kernsaak waaroor Handeling 15 gaan is dat redding alleenlik deur geloof in Yeshua Messias is. **Besnydenis en die onderhouding van die wet kan 'n persoon nie red nie.** Daarom het Petrus dit bevestig toe hy gesê het:

*Maar ons glo dat ons deur die genade van die Meester Yeshua Messias gered word op dieselfde manier as hulle ook. Hand. 15:11.*

Maar wat was die aanbeveling van die raad ten opsigte van onderhouding van die wet (Torah)? Die antwoord vind ons in Hand. 15:19, 20, 28 en 29:

*Daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie, maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed (verse 19 en 20).*

*Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel! (Verse 28 en 29)*

In die verband is dit belangrik om daarop te let dat in die brief wat aan die gemeente in Antiochië geskryf was, was daar **nie gesê dat die gelowiges nie Torah hoef te onderhou nie**. Inteendeel, hulle word daaraan herinner, vanweë hulle heidense en afgodery agtergrond, om hulle te weerhou van afgodsoffers, die drink van bloed en die eet van dit wat verwurg was, asook van hoerery. Hierdie is drie areas (afgodery, seksuele sondes en voedselwette) waar daar duidelike voorskrifte in Torah is en waaraan die nie-Jode hulle veral skuldig gemaak het. Daarom is hierdie drie areas uitgewys aan die nie-Jode en dat diegene wat hulle hiervan weerhou goed doen (Hand. 15:29).

Die teksvers wat die meeste buite rekening laat by die interpretasie van Hand. 15:19 en 20 is die daaropvolgende vers 21 wat lees:

***Want** van die ou tyd af het Moses in elke stad diegene wat hom verkondig, terwyl hy elke sabbat in die sinagoges gelees word.*

Indien Handeling 15, en veral verse 19 tot 21, in konteks gelees word, is dit duidelik dat indien nie-Joodse gelowiges aan Torah gehoorsaam is in die genoemde drie areas (afgodery, seksuele sondes en voedselvoorskrifte), kan hulle na die sinagoges gaan vir meer duidelikheid aangesien daar elke sabbat onderrig in Torah (die wette) is. Dit is die plek waar gelowige nie-Jode lering aangaande Torah sal ontvang.

Dit is dus belaglik om te beweer dat gelowige nie-Jode (die onbesnydes) opdrag gegee is om slegs hierdie drie dinge te onderhou. Mag die gelowiges van Antiochië dus steel, moor, egbreek pleeg, nie die sabbat eerbiedig nie, ensovoorts? Nee, hulle moes steeds volgens Torah leef! **Torah kon hulle egter nie red nie, want redding is alleenlik deur geloof!** Om volgens Torah te leef is egter die leefwyse van elkeen wat deur die genade van YHVH, soos in Yeshua Messias voorsiening gemaak word, geregverdig verklaar is. Dit is die pad van heiligmaking!! Dit is die leefwyse om Vader-God se seënninge deelagtig te wees.

Indien die fisiologie van bloed verstaan word, is dit ook baie duidelik hoekom bloed nie geëet (gedrink) moet word nie. In leketaal gestel is bloed die draer van lewe, want dit vervoer suurstof en voedingstowwe na die organe en liggaamselle, maar verwyder ook afvalstowwe deur veral die niere. Bloed bevat dus as te ware lewe in die vorm van suurstof en voedingstowwe, maar bevat ook die dood in terme van afvalstowwe. Dit is veral hierdie afvalstowwe wat toksies kan wees indien bloed geëet of gedrink word.

YHVH se voedselvoorskrifte sal meer volledig in parashah 26 bespreek word.

## **Bepeins of Bespreek**

1. Die verbod op die eet van bloed vereis dat diere op 'n wyse geslag word wat die maksimum dreinerings van bloed verseker en wat slegs kan geskied deur die dier se keel af te sny. In Hebreeus staan dit bekend as *shechitah* en dit is die vinnigste en mees genadigste wyse om 'n dier te slag. Die vleis wat by slaghuise en kettingswinkels gekoop word is meestal

afkomstig van diere wat nie op die wyse geslag word nie! Moderne slag metodes verseker nie die maksimum dreinerings van bloed nie. Behoort ons vleis by kosherslaghuise te koop?

2. Aangesien beide vet en bloed sekere gesondheidsrisiko's bevat behoort ons dit nie te eet nie. Dit is wel die mens se keuse of hy dit wil eet of nie. Maar elkeen wat dit wel eet moet vra: *Kan ek bid vir genesing indien ek siek word weens 'n dieetverwante siekte en terwyl ek YHVH se voedselvoorskrifte moedswillig oortree het? Het ek dan nie saad gesaai wat geoes sal moet word nie?*

## Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

### Jer. 7:21 tot 8:3 en Jer. 9:22 en 23 – Offer met 'n Besnyde Hart

*So sê יהוה -Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Voeg julle brandoffers by julle offers en eet vleis, want Ek het nie met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, gepraat of bevel gegee in verband met brandoffers of offers nie, maar dít is wat Ek hulle beveel en gesê het: 'Gehoorzaam My stem en Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees en julle moet loop in al die lewenswyses wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan.' Jer. 7:21 tot 23*  
– PWL Vertaling

Wat bedoel YHVH wanneer Hy deur Jeremia bogenoemde aan Israel sê? Dit is duidelik dat YHVH met veragting na Israel se offerandes verwys. Hoekom? Die probleem was die gesindheid waarmee Israel offerandes gebring het en die feit dat hulle nie meer die doel en betekenis van die offerandes verstaan het nie. Daarom sê YHVH vir Israel dat hulle net sowel die offerandes kan eet (vers 21), want dit beteken niks nie! YHVH het soortgelyke woorde deur die profeet Jesaja aan Israel gerig:

*Wat is julle vermenigvuldigde slagoffers vir My?' sê יהוה. 'Ek het genoeg gehad van die brandoffers van ramme en die vet van gevoerde kalwers; Ek het geen plesier in die bloed van bulle, lammers of bokke nie. As julle kom om voor My Teenwoordigheid te verskyn, wie vereis dit van julle, hierdie vertrapping van My voorhowe? Moenie langer julle waardelose offergawes bring nie; wierook is 'n gruwel vir My. Nuwemaan en Shabbat, die uitroep van byeenkomste; Ek kan nie oortredinge saam met die ernstige byeenkomste verdra nie! Ek haat julle nuwemaanfeeste en julle aangestelde feestye; hulle het vir My 'n las geword; Ek is moeg om dit te dra. Wanneer julle jul hande uitsprei, sal Ek My oë vir julle toemaak; ja, selfs al vermenigvuldig julle gebede, Ek sal nie luister nie. Julle hande is oortrek met bloed. Jes. 1:11 tot 15 – PWL Vertaling*

YHVH herinner Israel ook aan die volgende: *Ek het nie met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, gepraat of bevel gegee in verband met brandoffers of offers nie (Jer. 7:22), maar dat Hy wel aan Israel gesê het: Gehoorzaam My stem en Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees en julle moet loop in al die lewenswyses wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan (Jer. 7:23).* YHVH herinner Israel dus daaraan dat Hy eerstens gehoorsaamheid vereis en dan offerande. Met ander woorde YHVH het Israel as koninklike priesterdom gekies voordat Hy die priesterorde en offerandes ingestel het. Die tien gebooie (morele wette) was voor die offerandes (seremoniële wette) aan Israel gegee. Verwys ook na

Abraham (Gen. 26:4 en 5). Die priesterorde en offerandes was as hulpmiddel wat later bygevoeg was sodat Israel vergifnis kon ontvang wanneer hulle ongehoorsaam was.

Opsommend was die profetiese woord van Jeremia (en ook die van ander profete soos Jesaja en Amos) aan Israel om nie hulle offerandes te bring indien hulle nie begeer om gehoorsaam aan Torah te wees nie. Offerandes vergoed nie vir ongehoorsaamheid nie, want dan is dit offerandes van eie geregtigheid! Die doel van die offerandes is nie om YHVH tevrede te stel ('te onthaal') nie, maar om 'n innerlike verandering van heiligmaking teweeg te bring. Saul het ook hierdie les geleer (1 Sam. 15:1 tot 28).

Maar Israel wou nie luister nie!! Hulle het voortgegaan in Torah ongehoorsaamheid, insluitend afgodery, terwyl hulle geoffer het!!

*Tog het hulle nie gehoorsaam en hulle oor gedraai nie, maar in hulle eie planne en in die hardkoppigheid van hul bouse verstand, wil en emosie geloop en het agteruitgegaan en nie vorentoe nie. Sedert die dag dat julle vaders uit Egipteland uitgekom het tot vandag toe het Ek al My knegte, die profete, na julle toe gestuur, daaglik, vroeg opgestaan en hulle gestuur. Tog het hulle nie na My geluister of hulle oor gedraai nie, maar hul nek verhard; hulle het meer boosheid as hul vaders gedoen. Jer. 7:24 tot 26 – PWL Vertaling*

Ons sien dus 'n verskil in die gevolg (reslutaat) van die offerandes soos dit in Levitikus beskryf word en soos dit in deur Israel in die tyd van Jeremia gebring was. Daar is 'n REUSE verskil! In Jeremia se tyd het die offerandes 'n godsdienstige ritueel geword wat met 'n verkeerde hartsgesindheid gebring was, terwyl hulle die werklike doel daarvan vergeet het. Hulle harte was nie besny nie!

In verlede week se parashah het ons geleer dat 'n offerande bedoel was om 'n intense konfrontasie met sonde te wees! Die skuldige, naamlik die oortreder van YHVH se Torah (die sondaar) moes met berou 'n dier as offerande gebring het – 'n offer sonder enige gebrek! Dan het hy sy hande op die dier se kop gelê en was sodoende gedwing om tot selfkennis te kom van die 'skade' wat sonde aangerig het. Hierdie besef het werklikheid geword wanneer die dier se keel afgesny was en op die brandofferaltaar verbrand was. Dit was 'n baie persoonlike en emosionele ervaring van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het. Die offer van diere was bedoel om 'n weersin in sonde, naamlik die oortreding van Torah (1 Joh. 3:4) te verwek! Die offerandes moes met 'n besnede hart gebring word (Deut. 10:16; Rom. 2:29).

Die oortreding van Torah (die wet) is 'n 'besoedeling' wat 'n toestand van onreinheid veroorsaak en dus verwydering tussen YHVH en die oortreder van die wet tot gevolg het. Die doel van die offer (die *korban*) is om die sondaar te reinig sodat hy weer in YHVH se teenwoordigheid kan staan. Dit is dan die kerndoel van die offerandes, naamlik om nader aan YHVH te beweeg. En weer onder Sy vleuels te skuil. Om vanaf die binnehof waar die brandofferaltaar staan tot in die Heiligdom te gaan.

Dit is hierdie begrip en begeerte wat by Israel in die tyd van Jeremia ontbreek het. Die erns en ywer om sonde te konfronteer het verlore geraak, asook die begeerte om werklik met YHVH deur vergifnis versoen te word is vervang met 'n blote rituele handeling wat as voldoende

beskou was. Dit is nie die blote fisiese handeling van offerandes wat YHVH vra nie. Nee, Vader-God vra eerstens gehoorsaamheid (1 Sam. 15:21 tot 23) wat ontstaan weens liefde vir Hom – ‘n liefde soos waarmee Hy Israel liefhet. Daarom het Yeshua gesê: *As julle my liefhet sal julle my gebooi bewaar* (Joh. 14:21 en 23).

Dit is wat keer op keer met Israel gebeur het, naamlik: Hulle liefde vir YHVH het verflou en het ‘n hartsverandering meegebring wat tot Torah-ongehoorsaamheid gelei het. Israel het die wet bo die genade van versoening deur die offerandes gestel. Hulle het YHVH en ander gode gelyktydig aanbid en gedink dit is vir die Vader aanneemlik. Hulle het hulle eie geregtigheid opgerig en nie meer die geregtigheid van YHVH gesoek nie (Rom. 10:1 en 2).

Sonder ‘n hartsgesindheid van ware berou en *teshuvah* (terugkeer na Torah) is 'n offer net 'n ritueel/tradisie wat YHVH as ‘n sinnelose slagting (*zebach*) beskou en verdere verwydering veroorsaak. Maar 'n offer uit liefde en met die regte hartsgesindheid wat gebring word om nader aan YHVH te beweeg, is vir die Vader 'n lieflike geur.

Dawid se boetelied na sy owerspel met Batseba (Psalm 51) illustreer die gesindheid van berou en begeerte vir versoening met YHVH. Dit is om met ‘n besnede hart ‘n offerande tot versoening met YHVH te bring.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is daar ‘n ooreenkoms tussen Israel van ouds in hierdie week se Haftorah en die hedendaagse kerk? Bring die kerk nie ook offers terwyl hulle Torah-ongehoorsaam is nie? Wat van ons? Is die bedoeling van dit wat ons aan YHVH offer om nader aan Hom te beweeg, met ander woorde om meer gelykvormig aan Yeshua te word in terme van gedagtes, woorde en dade? Onthou: Dit wat ons offer moet ‘n innerlike verandering teweegbring wat uiterlike sigbaar sal word!
2. Wat is die verskil tussen wettiesheid (*legalism*), gehoorsaamheid en heiligmaking?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete tot volgende keer.  
Johan

Epos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*